

Hoofstuk 8

8. Kritiese evaluasie van die studie

Die ontwerp en uitleg van die studie het sekere tekortkominge gehad, wat die absolute vergelyking tussen die twee *C. ciliaris* kultivars Molopo en Gayndah as 'n staandehooi tot 'n mate beperk het. Van die areas waarop verbeter kon word, word hieronder gelys.

Die weidingsevaluasie kon met die bepaling van ekstra parameters aansienlik verbeter word. Die belangrikste hiervan sou wees om blaar- tot stingelverhoudings te kon bepaal. Nie net sou dit inligting oor blaar- en stingelproduksie van die onderskeie kultivars verskaf nie, maar dit sou ook 'n beter indikasie gee oor diere se vermoë om 'n sekere kwaliteit materiaal te selekteer. Hierdie inligting sou ook kon 'n bydrae lewer tot die verduideliking van verskille in diereprestasie. Verder sou inligting oor die hoogte van die weiding aan die begin en einde van elke weidingsperiode ook van waarde gewees het.

By die bepaling van kwalitatiewe inname onderbreek ADF-, ADL-, en NDF-N-konsentrasies vir 1991. 'n Verdere tekortkoming is dat kwalitatiewe innames nie oor jare met mekaar vergelyk kon word nie. Net so kon seleksie van materiaal vir 'n periode nie tussen weke vergelyk word nie. Dit sou van waarde wees om te kon bepaal tot in watter mate die kwaliteit van geselekteerde materiaal oor 'n weidingsperiode tussen kultivars verskil het. Die invloed wat die lengte van die rusperiode op geselekteerde materiaal gehad het, kon ook nie bepaal word nie. Dit opsigself laat 'n groot leemte.

Ook by die aspek van diereprestasie was daar sekere beperkinge. Die periode waaroor gewigveranderinge bepaal is het tussen 1991 en 1992 verskil. Ook in hierdie geval kon die invloed van die rusperiode op diereprestasie nie bepaal word nie.